 2.3.7 In die VSA kan daar ook 'n parallele 'politieke siklus' wees waar die ekonomie deur 'n toename in aankope deur die regeringsektor gestimuleer word ongeveer 'n jaar voordat die presidensiële verkiesing plaasvind ✓✓

- 2.3.8 'n Toename in die geldaanbod wat die ekonomie laat opswaai en na die verkiesing beweeg die ekonomie weer in 'n afswaai fase in ✓✓
- 2.3.9 Die ontwerp van nuwe winsgewende produksieprosesse lei tot stimulering van vraag en 'n nuwe opswaai fase word geskep ✓✓
- 2.3.10 Die ontdekking en implementering van nuwe tegnologie en masjinerie ✓✓
- 2.3.11 Die ontdekking van nuwe hulpbronne, bv. minerale en metale ✓✓

[enige 16] (6)
[50]

VRAAG 3: PRYSVORMING

3.1 Beantwoord die volgende vrae:


- 3.1.1 elasties ✓✓
- 3.1.2 beperkte ✓✓
- 3.1.3 ekonomiese ✓✓
- 3.1.4 geleentheidskoste/alternatiewe koste ✓✓
- 3.1.5 [enige 3 x 2]
- beter produksiemetodes ✓✓
 - laer produksiekoste ✓✓
 - laer pryse ✓✓
 - verbruikers word beskerm teen uitbuiting ✓✓

(14)

3.2 Datarespons

- 3.2.1 4 / 12 ✓✓✓
- 3.2.2 13 ✓✓✓
- 3.2.3 versadigingspunt ✓✓✓
- 3.2.4 -2 / 2 ✓✓✓
- 3.2.5 Grensnut daal met elke styging in die voorraad van daardie kommoditeit totdat dit 'n versadigingspunt bereik en dan neem dit negatiewe styging aan ✓✓✓
Totale nut styg, bereik 'n piek en daal dan ✓✓✓
- 3.2.6 Wet van die afnemende grensnut ✓✓


(20)



3.3 Verduidelik die konsep 'verbruikersurplus' met behulp van 'n grafiek voorsien van gepaste byskrifte.

3.3.1 Die verbruikers het 'n prys in gedagte voor hulle die goedere koop. ✓✓

3.3.2 Verbruikersurplus is die verskil tussen die prys wat die verbruiker bereid is om te betaal vir 'n artikel en die prys wat hy werklik betaal. ✓✓



3.3.3 Die verbruiker wil OC betaal vir 'n pakkie skyfies maar betaal op die einde OA. ✓✓

3.3.4 Verbruikersurplus is EGB. ✓✓

[16]

[50]

VRAAG 4: EKONOMIESE- EN STREEKSONTWIKKELING, VERSTEDELIKING

4.1 Beantwoord die volgende vrae:

4.1.1 DBSA ✓✓

4.1.2 arm ✓✓


4.1.3 fisiese ✓✓

4.1.4 verstedeliking ✓✓

4.1.5 [enige 3 x 2]

Korridors:

- Maputo korridor ✓✓
- Lubombo inisiatiewe ✓✓
- Weskus Beleggingsinisiatief ✓✓
- Platinum SDI ✓✓
- Phalaborwa sub-korridor ✓✓
- Wildekusontwikkelingsprogram en Visrivier SDI ✓✓
- Kus-tot-Kus korridor ✓✓



(6)

4.2 Datarespons

4.2.1 [enige 2 x 3]

Meer as die helfte van die bevolking leef onder die broodlyn ✓✓

40% van die swart kinders in landelike gebiede ly aan wanvoeding ✓✓✓

Die swart geletterdheidskoers is 33% ✓✓✓

75% van alle onderwysers is nie toepaslik gekwalifiseerd nie ✓✓✓ (6)

4.2.2 [enige 3 x 3]

'n Meer gelyke verdeling van rykdom ✓✓✓

'n Meer gelyke verdeling van inkomste ✓✓✓

Beter toegang tot gesondheidsorg en onderwys vir armes ✓✓✓

Verskaffing van goedere en dienste om te voorsien in mense se basiese behoeftes ✓✓✓ (9)

4.2.4 Leef met minder as 'n minimum inkomste per dag, bv. R1 'n dag. ✓✓ (2)

4.3 Bespreek menslike hulpbronne as een van die strategieë wat 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van ontwikkelende lande.

4.3.1 Menslike hulpbronne is die belangrikste ontwikkelingsbata van 'n land ✓✓

4.3.2 Hulle is die arbeidsmag van 'n land wat dit in staat stel om produktief te

wees. ✓✓ Sodat ontwikkeling kan plaasvind, moet die volgende faktore oorweeg word:

4.3.3 Bevolkingsbeheer: ✓✓

4.3.4 Indien die grootte van die gemiddelde gesin krimp, sal dit lei tot 'n verbeterde lewenstandaard ✓✓

4.3.5 Daardeur word die produktiwiteit van die arbeidsmag verbeter ✓✓

4.3.6 Gesondheid/Siektebeheer ✓✓

4.3.7 Beter gesondheidsorg en die beheer van siektes sal mense meer produktief maak ✓✓

4.3.8 Die vermoë om te werk, is die grootste bata van armes ✓✓

4.3.9 Onderwys en opleiding: ✓✓

4.3.10 Beter onderwys en opleiding sal die aantal geskoolde/bekwame mense in die arbeidsmag verhoog ✓✓

4.3.11 Tegnieuse opleiding is 'n baie belangrike komponent van ekonomiese vooruitgang ✓✓

4.3.12 Beter benutting van arbeid ✓✓


4.3.13 Die arbeidsmag moet doeltreffend met die korrekte tegnologie en kapitaal gekombineer word om produktiwiteit te verbeter ✓✓

4.3.14 Werksetiek: ✓✓

4.3.15 Mense se ingesteldheid teenoor hulle werk sal hulle produktiwiteit bepaal ✓✓

[enige 16] (16)

[50]



VRAAG 5: INTERNASIONALE EKONOMIE


5.1 Beantwoord die volgende vrae:

- 5.1.1 doeaneregte ✓✓
- 5.1.2 negatiewe ✓✓
- 5.1.3 disinvestering ✓✓
- 5.1.4 ekonomiese integrasie ✓✓
- 5.1.5 [enige 3 x 2]
 - invoerkwotas ✓✓
 - invoerbeperkings/-beheer ✓✓
 - invoerdeposito's ✓✓
 - invoerregte ✓✓
 - uitvoerbevordering ✓✓
 - invoervervanging ✓✓
 - invoerverbod ✓✓

(6)
(14)

5.2 Datarespons

- 5.2.1 IMF ✓✓✓
- 5.2.2 VIER ✓✓✓
- 5.2.3 LOPENDE ✓✓✓
- 5.2.4 RAND ✓✓
- 5.2.5 AANDELE
- 5.2.6 VOORRAAD
- 5.2.7 FINANSIËLE
(INSERT MEMO)



(20)

5.3 Bespreek die 'geografiese' oorsake van (redes vir) internasionale handel.

Natuurlike hulpbronne.

- 5.3.1 Natuurlike hulpbronne is nie eweredig oor die oppervlakte van die aarde versprei nie en dit kan slegs op plekke waar daar sulke hulpbronne is, ontgin word. ✓✓
- 5.3.2 Lande wat 'n tekort het aan sekere natuurlike hulpbronne moet dit van lande kry waar daar genoeg is. ✓✓
- 5.3.3 SA het geen oliebronne nie en moet dit van ander lande af invoer. ✓✓
- 5.3.4 SA is die grootste produsent van goud in die wêreld en voer hierdie metaal na ander lande uit. ✓✓
- 5.3.5 Natuurlike kenmerke verskil van land tot land en streek tot streek en bepaal wat geplant sal word. ✓✓
- 5.3.6 Voorbeeld: SA voer houtpulp van Skandinawiese lande in en voer vleis na Europa uit. ✓✓

- 5.3.7 Baie oesgewasse kan slegs in sekere klimaatstoestande gekweek word en in sekere tipes grond. ✓✓
- 5.3.8 Verskillende lande dryf handel met ander lande vir daardie produkte wat hulle nie self vervaardig kan nie. ✓✓
- 5.3.9 Droogtetoestande verplig SA dikwels om geel of wit mielies van oorsee af in te voer. ✓✓
- 5.3.10 Gunstige klimaatstoestande vir vrugte stel SA in staat om vrugte na ander lande uit te voer. ✓✓ (Indien vervoerstruktuur ingesluit is, gee 1 punt vir elke feit)

(Enige 8 x 2) (16)

VRAAG 6: DIE STAAT

6.1 Beantwoord die volgende vrae:

6.1.1 verbruiker ✓✓

6.1.2 uitsluiting ✓✓

6.1.3 minder ✓✓

6.1.4 deregulasie ✓✓

6.1.5 [enige 3 x 2]

Fondse insamel deur van openbare bates ontslae te raak ✓✓

Om die doeltreffendheid van die ekonomie te verbeter ✓✓

Om mense 'n aandeel in die ekonomie te gee ✓✓

Om die rol van die staat in die ekonomie te vergroot ✓✓

(6)

(14)

6.2 Datarespons

6.2.1 LBS/Lopende Betaalstelsel ✓✓✓

(3)

6.2.2 Progressief ✓✓, persentasie belasting is meer soos wat inkomste verhoog ✓✓✓

(5)

6.2.3 40%


(3)

6.2.4 $R33\ 000 + (R200\ 000 - R160\ 000) R40\ 000 \times 30\% = R12\ 000$ ✓✓ $R33\ 000 + R12\ 000 = R45\ 000 - R7\ 200 = R37\ 800$ ✓✓

(7)

6.2.5 Suid-Afrikaanse Inkomstediens/SAID ✓✓

(2)



6.3 Kenmerke:

- 6.3.1 Dit word direk op die individue en entiteite as inkomstebelasting en boedelbelasting gehef.
- 6.3.2 Dit vorm nie deel van die koste van produksie van produsente en sakeondernemings nie. Die belasting word van salarisse afgetrek en aan die SAID oorbetaal deur werkgewers.
- 6.3.3 Hierdie belasting kan nie van enigiemand anders ingewin word nie. Die las van die belasting val op die persoon of entiteit vir wie dit bedoel is.
- 6.3.4 Dit is progressief, wat beteken dat hoe hoër die inkomste, hoe hoër die belasting.
- 6.3.5 Die verdieners van inkomste kan nie belastingaanspreeklikheid ontvlug nie. Hy/Sy kan slegs die belastinglas wettiglik verlig.

MAKS: 6/8

Vooredele:

- 6.3.6 Die koste van insamelings is relatief laag.
- 6.3.7 Die belastingbetaler weet presies wat hy/sy betaal.
- 6.3.8 Die geld verskuldig aan die staat vanuit direkte belasting is redelik akkuraat vooruit beraam.
- 6.3.9 Regverdigheid/Herverdeling kan bereik word deur 'n progressiewe belastingskaal toe te pas.
- 6.3.10 Mense wat hulle inkomste in een land verdien, dit onttrek uit daardie land en dit elders spandeer kan ook belas word.
- 6.3.11 Belasting kan gehef word volgens die progressiewe belastingstelsel.
- 6.3.12 Direkte belasting is elasties, omdat 'n klein toename in direkte belasting 'n groot hoeveelheid ekstra inkomste vir die staat produseer.
- 6.3.13 Dit is gereelde bron van inkomste vir die staat.
- 6.3.14 Direkte belasting is 'n groot bron van inkomste vir die staat.


MAKS: 10/8
/50/

VRAAG 7

ARBEIDSVERHOUDINGE

7.1 Beantwoord die volgende vrae:

- a KVBA ✓✓
- b swart ekonomiese bemagtiging ✓✓
- c [enige 2 x 2]
Markkragte ✓✓
Kollektiewe bedinging ✓✓
Invloed van die staat ✓✓
Werkerdeelname ✓✓



(4)

7.1.2 Datarespons

- a Mense tussen die ouderdom van 15 tot 65 jaar wat kan en gewillig is om te werk ✓✓✓ (3)
- b [enige 2 x 3]
 Totale bevolking ✓✓✓
 Bevolkingsgroeikoers ✓✓✓
 Deelnamekoers van die werkerskorps ✓✓✓
 Migrasie ✓✓✓
 Vlak van vaardigheid ✓✓✓
 Werksure ✓✓✓ (6)

7.1.3 Bespreek die faktore wat die toename in die vraag na arbeid beïnvloed.

- a Indien die ekonomiese groei meer as die werkerkorps is, sal daar 'n groter vraag na arbeiders wees. ✓✓
- b Wanneer die vraag na goedere en dienste wat geproduseer word deur arbeid verhoog, sal die vraag na arbeid toeneem. ✓✓
- c Indien die arbeidsproduktiwiteit verhoog, sal die vraag na arbeid toeneem. ✓✓
- d Wanneer lone laag is, sal produsente meer arbeiders in diens neem. ✓✓
- e Wanneer daar nuwe werksgeleenthede geskep word, sal die vraag na arbeid toeneem. ✓✓
- f Arbeidsintensiewe produksiemetodes sal lei tot 'n toename in die vraag na arbeid. ✓✓ (Enige 4x2) (8)

[25]


7.2 PRODUKTIWITEIT EN WERKLOOSHEID

7.2.1 Beantwoord die volgende vrae:

- a verlaag ✓✓
- b onderindiensneming ✓✓
- c [enige 2 x 2]
 arbeidsproduktiwiteit ✓✓
 kapitaalproduktiwiteit ✓✓
 multifaktorproduktiwiteit ✓✓

7.2.2 Datarespons

- a diamantmynbou /steenkoolmynbou/platinumynbou/uranium/koper/asbes ✓✓✓
 [aanvaar enige ander relevante mynbouaktiwiteit in SA]
- b Konstruksie ✓✓✓
- c Toename in toerisme ✓✓✓
 [aanvaar enige ander relevante rede]




7.2.3 Verduidelik die nadele van produktiwiteit.

- a Die produktiwiteitsverbetering kan lei tot 'n afname in werksgeleenthede omdat minder werkers nodig is. ✓✓
 - b 'n Produktiwiteitsverbetering kan slegs een keer gebeur. ✓✓
 - c Werkers moet die heelyd harder werk om meer produktiwiteit te behaal. ✓✓
 - d 'n Produktiwiteitsverbetering kan die beste in die fabrieksituasie plaasvind. ✓✓
 - e Die gehalte van lewering word nie altyd oorweeg wanneer produktiwiteit gemeet word nie. ✓✓
 - f Akkurate aanduiding van produktiwiteit tydens die verloop van 'n konjunktuuersiklus is 'n probleem. ✓✓
 - g Produktiwiteitsprestasie word negatief beïnvloed deur arbeidsfaktore soos 'n gebrek aan bekwame werkers. ✓✓
 - h 'n Gebrek aan bestuursvaardighede en produktiwiteitsbewustheid lei tot swak produktiwiteit. ✓✓
- [enige 4 x 2] (8)
[50]

7.2.4 Verduidelik die nadele van produktiwiteit.

- a Dit is 'n anti-inflasionêre krag want dit absorbeer stygings in geldlone.
 - b Ekonomiese groeikoers styg want meer lewering/uitset word geproduseer met dieselfde insette.
 - c Verbeterde produktiwiteit vermeerder die BNP van 'n land aangesien meer goedere en dienste produseer word met dieselfde hoeveelheid bronne.
 - d Omdat werklike loonverhogings die welvaart/lewenstandaard van mense ook verhoog.
 - e Produktiwiteit lei ook na beter benutting van skaars bronne.
 - f Verbeterde produktiwiteit kan die betalingsbalans van 'n land verbeter omdat die produksiekoste daal en die produkte meer mededingend in buitelandse markte raak/bevorder internasionale handel.
 - g Verbetering in produktiwiteit is 'n betekenisvolle faktor in die bestryding van inflasie.
 - h Hoe meer produktief 'n firma sy insette gebruik, hoe groter die kans dat die winste sal groei.
 - i Verbeterde produktiwiteit lei tot meer werksgeleenthede.
 - j Verhoogde winste sal na verbeterde belegging en uitbreiding van ondernemings lei.
- Enige 4 x 2) = [8]



7.3 INFLASIE

7.3.1 Beantwoord die volgende vrae:


- a. verhoog ✓✓
- b. buitensporige inflasie/hiperinflasie ✓✓
- c. [enige 2 x 2]
 Tydens die inflasietydperk verwag mense dat pryse sal styg en koop dadelik in plaas van later. ✓✓
 Vakbonde sal probeer om hulle lede se inkomste te beskerm en daarom beding vir loonverhogings wat die invloed van toekomstige inflasie sal neutraliseer ✓✓
 Die verwagting dat lone sal verhoog, moedig sommige sakeondernemings aan om pryse vooruit te verhoog wat tot nog 'n prysverhoging lei. ✓✓ (8)

7.3.2 Datarespons

- a. Verenigde Koninkryk/VK ✓✓✓
- b. Afname/Daling ✓✓✓
- c. Deflasie ✓✓✓ (9)

7.3.3 Bespreek die regering se beleid van *inflasiemikpuntstelling*.

- a. Inflasie het so belangrik geword dat die minister van finansies in die 2000/2001-begrotingsrede 'n beleid van inflasiemikpuntstelling aangekondig het. ✓✓
- b. Dit het amptelike staatsbeleid geword om 'n inflasiekoers na te streef wat onder, maar ook bokant, sekere vlakke is. ✓✓
- c. Beide fiskale en monetêre beleid word deur hierdie mikpunte verbind. ✓✓
- d. Die minister het die inflasiemikpunt tussen 3% en 6% gestel en dit moes teen 2002 bereik gewees het. ✓✓
- e. Die inflasiekoers wat gebruik word as die mikpunt, is die VPI uitgesluit verbandrentekoste en word die VPIX (??) genoem. ✓✓
- f. Die verbandkoers word uitgesluit uit die VPI omdat dit dikwels gebruik word as een van die instrumente om inflasie te beveg. ✓✓
- g. Indien die verbandkoers gebruik word om geld duurder te maak, sal dit opduik as hoër inflasie en daarom 'n vals sein uitgee. ✓✓
- h. Die VPIX(??) word kwartaalliks deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank in hul kwartaallikse bulletin gepubliseer. ✓✓ [enige 4 x 2] (8)
 [25]



7.4 STRATEGIESE HULPBRONNE

7.4.1 Beantwoord die volgende vrae:

- a een ✓✓
- b hernubare energie ✓✓
- c [enige 2 x 2]
 Doeltreffende ontwikkeling en benutting van natuurlike waterbronne ✓✓
 Doeltreffende benutting van beskikbare water ✓✓
 Hersirkulering van afvalwater ✓✓
 Doeltreffende gebruik van besproeiingswater ✓✓
 Die soeke na nuwe bronne van water, bv. ontsouting van seewater ✓✓
 Bou meer damme ✓✓ (8)

7.4.2 Datarespons

- a Spanning in die Midde-OOste ✓✓✓
- b Vervoerkoste ✓✓✓
- c [enige 1 x 3]
 Iran; Irak; Saoedi-Arabië; Koeweit; VAE; Oman; Nigerië; Venezuela ✓✓✓ (9)


7.4.3 Bespreek die belangrikheid van watervoorsiening en –bewaring met betrekking tot die primêre sektor van die Suid-Afrikaanse ekonomie.

1. Landbou en besproeiing ✓✓
- (a) Die grootste enkel verbruiker van water in Suid-Afrika ✓✓
- (b) Verhoog voedselproduksie, produksie van veevoer en lewende hawe ✓✓
- (c) Verskaf werk vir 'n groeiende bevolking deur besproeiingsboerdery ✓✓ (4)

2. Mynbou en Groefwerk

- (a) Suid-Afrika is ryk aan minerale ✓✓
- (b) Sonder water sou die mynbou nie hulle rol as 'n bydraer tot die ekonomie genoegsaam kon vervul nie ✓✓
- (c) Verdien buitelandse valuta uit mineraaluitvoere ✓✓ (4)
- [25]

TOTAAL AFDELING B: 200



AFDELING C

VRAAG 8

Verduidelik die probleme wat ondervind word wanneer nasionale inkome bereken word.

8.1 Inleiding

- 8.1.1 Nasionale inkome is die *groot totaal van die inkomste van 'n land se inwoners vir hulle produksiefaktore vir 'n gegewe tydperk (gewoonlik 'n jaar)*. ✓✓
- 8.1.2 In die produksie van goedere en dienste is die *aantal faktore (eenhede) betrokke amper onmoontlik om te bereken*, maar elkeen ontvang 'n deel. ✓✓
- 8.1.3 Dit feitlik onmoontlik om almal op 'n gegewe tydstip te kontak om die nodige inligting oor hulle inkomste in te samel. ✓✓
- [aanvaar enige logiese/oorspronklike inleiding] (3)


8.2 Liggaam

8.2.1 Oordragbetaling ✓✓

- (a) 'n Bbetaling wat een persoon (of groep) ontvang en dan oorbetal aan 'n ander persoon (of groep) *sonder dat 'n produktiewe diens gelewer is*. ✓✓
- (b) 'n *Tjek deur die staat uitgereik met betrekking tot ouderdomspensioen* of 'n werkloosheidstoelaag is inkomste vir die ontvanger, maar dit is nie betaling vir produktiewe dienste nie. ✓✓
- (c) *Belasting word by lone ingesluit* wanneer alle persoonlike inkomste bymekaar getel word om die nasionale inkome te bereken. ✓✓
- (d) Bbetaling vir posdienste, konstruksie van paaie, hospitale en skole is vir goedere en dienste en daarom inkomste. ✓✓ [maks: 9]

8.2.2 Dubbeltelling ✓✓

- (a) Die bydrae van die produksiefaktore tot 'n spesifieke diens moet *slegs een keer getel word*. ✓✓
- (b) *Pensioene deur die staat betaal uit belasting* moet nie ingesluit word nie aangesien dit dubbeltelling sou wees. ✓✓
- (c) Indien 'n produk in verskillende stadiums geprosesseer moet word, kan die totale waarde van elke stadium nie as nasionale inkome beskou word nie – *slegs die toegevoegde waarde moet ingesluit word*. ✓✓
- (d) Indien *intermediêre goedere* ingesluit sou gewees het, sou dit ook dubbeltelling gewees het. ✓✓ [maks. 9]



8.2.3 Nominale en reële nasionale inkome ✓✓

- (a) Die nominale waarde van nasionale inkome word *uitgedruk in terme van geld* op 'n gegewe punt ✓✓
- (b) Ook na verwys as algemeen heersende pryse, teen geldwaarde en teen werklike waarde ✓✓
- (c) Reële nasionale inkome is die monetêre waarde van nasionale inkome aangepas vir prysstygings. ✓✓
- (d) Ook bekend as nasionale inkome teen konstante pryse ✓✓
- (e) Die *invloed van prysstygings*, of die inflasiekoers, word *uitgekanselleer*. ✓✓

[maks. 9]

8.2.4 Dienste nie ingesluit nie ✓✓

- (a) Dienste gelewer deur *huisvrouens*, kan nie as 'n markprys toegeken word nie ✓✓
- (b) *Produksie in die huishouding*, bv. herstelwerk, tuinwerk, ens. ✓✓
- (c) Dienste deur mense wat in *vrywillige organisasies* werk, soos kerkrade. ✓✓
- (d) *Skadelike newe-effekte*, soos besoedeling. ✓✓
- (e) Die bestaan van 'n *informele sektor*, bv. selfwerksaamheid ✓✓

[maks. 9]

8.2.5 Akkuraatheid ✓✓

- (a) Nasionale inkome is 'n goeie manier om die omvang van ekonomiese aktiwiteit te meet, maar dit is *nie 'n meetinstrument vir alle ekonomiese aktiwiteite nie* ✓✓
- (b) Selfs die berekeningsmetode is nie baie akkuraat nie ✓✓
- (c) Die inkomste van miljoene individue kan nie bereken word nie omdat baie individue *nie sulke inkomstebronne verklaar nie*, terwyl andere die *byvoordele* geniet. ✓✓
- (d) Baie dienste word nie ingesluit in die nasionaleinkomeberekenings nie ✓✓

[maks. 9]

(45)


8.3 Gevolgtrekking

- 8.3.1 Alhoewel die mense wat die nasionale rekeninge opstel, probeer om die nasionaleinkomesyfers so akkuraat as moontlik op te stel, kan nasionale inkome nie as absoluut akkuraat beskou word nie, dit gee egter 'n algemene aanduiding van ekonomiese toestande en neigings/tendense. ✓✓

[aanvaar enige logiese/oorspronklike gevolgtrekking]

(2)

[50]



VRAAG 9

'Wanneer monopolieë gevorm word, is daar 'n neiging dat aanbod beperk is en prys opgejaag word.'

Bespreek hierdie stelling deur na die redes vir onvolmaakte mededinging in die praktyk te verwys.

9.1 Inleiding

9.1.1 'n Monopoliemark is een waar daar slegs een verskaffer van 'n produk, waarvoor daar geen naby vervangings/substitute is nie, is. ✓✓

9.1.2 Markte is volmaak wanneer die prys 'n ware weerspieëling is van die skaarsheidswaarde van goedere en dienste. ✓✓

9.1.3 Markte is onvolmaak wanneer hindernisse teenwoordig is wat inmeng met die spontane funksionering daarvan. ✓✓

[aanvaar enige logiese/oorspronklike inleiding] (3)

9.2 Liggaam

9.2.1 Ekonomiese/Finansiële faktore ✓✓


- (a) Die verskaffing van sekere produkte en dienste vereis 'n baie groot *kapitaaluitleg* wat die aantal potensiële besighede verminder, ✓✓ bv. spoorvervoer (Spoornet) ✓
- (b) *Potensiële mark* is klein, ✓✓ bv. elektrisiteitsvoorsiening in 'n klein dorpie kan dalk nie baie winsgewend wees vir verskaffers nie. ✓
- (c) *Druk deur vakkonde* en ander drukgroepe maak dit moeilik om hierdie mark te betree deur vrye mededinging te beperk. ✓✓
- (d) Gevestigde *handelsmerke* maak dit moeilik vir enigeen wat die mark wil betree aangesien so baie aan reklame bestee moet word om die verbruikers te oortuig. ✓✓
- (e) Besighede kan deur vaste pryse gebind word, ✓✓ bv. in 'n kartel waar hulle 'n assosiasie vorm en ooreengekome pryse vra. ✓

[maks. 10]

9.2.2 Natuurlike faktore ✓✓

- (a) Firms kan in *alleenbesit* van skaars natuurlike hulpbronne wees, bv. olie ✓✓
- (b) Hoofsaaklik beperk tot mark vir *primêre goedere*, bv. diamante en De Beers ✓✓
- (c) Oligopolieë en monopolieë kan gevorm word wanneer *samewerking* tussen produsente daartoe lei dat kleiner firmas nie die grondstowwe kan bekom nie of nie met pryse kan meeding nie, ✓✓ bv. OPUL ✓

[maks. 9]



9.2.3 Regsfaktore ✓✓

- (a) *Patente en/of kopiereg* beteken dat niemand anders 'n produk kan vervaardig nie want hulle word deur die wet ondersteun ✓✓
- (b) *Eksklusiewe regte* verbied mededingers om die mark te betree, ✓✓ bv. staat laat mineraalregte toe. ✓
- (c) *Lisensies en professionele registrasievereistes* forseer ook sekere mededingers om toetred tot die mark te laat vaar, ✓✓ bv. dranklisensies, dokters, ens. ✓
- (d) *Staatsdienste*, ✓✓ bv. Eskom laat nie ander mededingers toe nie ✓
- (e) *Privatisering en deregulering* het firmas gehelp om die mark slegs teoreties te betree aangesien hindernisse tot toetreding in werklikheid steeds bestaan, ✓✓ bv. M-net, die vaste lyn SNO, selfoonmaatskappye. ✓ [maks. 12]

9.2.4 Tegnologiese faktore ✓✓

- (a) *Navorsingsontwikkelingsprogramme (N & O)* het definitief firmas wat swaar hierin belê so geplaas dat hulle 'n groter aandeel van die mark kan verkry met netto opbrengs en verbeterde produkte ✓✓
- (b) *Kleiner firmas* wat nie N&O kan bekostig nie, word benadeel en kan nie die mark betree nie. ✓✓
- (c) *Tegnologiese vooruitgang* in die vervaardiging van 'n item met 'n laer prys ✓✓
- (d) *en/of van 'n beter gehalte* is ook tot die voordeel van maatskappye wat sulke vooruitgang het. ✓✓ [maks. 9]

9.2.5 Ruimtelike/Demografiese faktore ✓✓

- (a) *Gunstige liggings/terreine* stel die verbruiker in staat om gunstiger deur sommige besighede bedien te word ✓✓
- (b) *Vervoerkoste* – produsente wat ver van die mark woon, dra hoër produksiekoste as die wat naby die tuismark woon ✓✓ [maks. 5]

(45)


9.3 Gevolgtrekking

- 9.3.1 Onvolmaakte markpraktyke lei baie dikwels tot die uitbuiting van verbruikers. Dit word gekenmerk deur 'n wanaanwending van hulpbronne wat kan lei tot vermorsing en ondoeltreffendheid. ✓✓

[aanvaar enige logiese/oorspronklike gevolgtrekking]

(2)

[50]



VRAAG 10

Bespreek die faktore wat die bepaling van die wisselkoers tussen twee lande in 'n stelsel van wisselkoerse wat vry sweef, beïnvloed. Gebruik geskikte grafieke om jou antwoord te illustreer.

10.1 Inleiding

10.1.1 Die wisselkoers is die prys van die geldeenheid van 'n land uitgedruk in terme van die geldeenheid van 'n ander land. ✓✓

10.1.2 Die aankoop en verkoop van goedere op buitelandse markte lei tot 'n behoefte aan 'n ruilmark/wisselmark waar monetêre geldeenhede van lande teen definitiewe pryse gewissel/geruil kan word. ✓✓

10.1.3 Die uitvoer van goedere en dienste, oordragbetalings van oorsee, ens. wat 'n invloei van geld in die land in veroorsaak, lei tot 'n aanbod van buitelandse valuta op die mark. ✓✓

[aanvaar enige logiese/oorspronklike inleiding]

(3)


10.2 Liggaam

10.2.1 Swewende wisselkoers


- (a) Met hierdie vorm van wisselkoers word die wisselkoers toegelaat om te vestig teen 'n vlak wat deur vraag en aanbod bepaal word. ✓✓
- (b) In 'n vry swewende wisselkoers word die waarde van 'n geldeenheid bepaal deur die markkragte en daar is geen ingryping deur die owerhede nie. ✓✓
- (c) Beheerde swewende wisselkoers is koerse wat kan reageer op die invloede van markkragte binne sekere beperkings. ✓✓
- (d) Monetêre owerhede kan ingryp wanneer abnormaal groot bewegings in die wisselkoers ervaar word. ✓✓
- (e) Die Reserwebank kan hul eie reserwes gebruik en hul aanspreeklikheid voorbehou deur die aanbod van buitelandse valuta op die mark te wissel. ✓✓

10.2.2 Ewewig

- (a) Veranderinge in die vraag en aanbod van buitelandse valuta veroorsaak fluktuasies in die wisselkoers. ✓✓
- (b) Indien die vraag na 'n spesifieke geldeenheid, bv. dollar, toeneem omdat Suid-Afrika goedere van die VSA invoer, sal die prys van die dollar in terme van die rand styg. ✓✓
- (c) Meer rand sal betaal moet word vir dieselfde aantal dollar. ✓✓
- (d) Die waarde van die rand daal in terme van die dollar. ✓✓
- (e) Dit beteken goedere en dienste uit die VSA raak duurder. ✓✓
- (f) Aankope in die VSA neem af en die vraag na dollar sal ook daal. ✓✓




(g) Hoe hoër die prys van die dollar, hoe minder dollars sal aangevra word. ✓✓




Translation of labels: Prys van dollars in terme van rand ✓
 Hoeveelheid dollar ✓
 D ✓ = V ✓
 S ✓ = A ✓

[maks. 5]

- (h) Die prys waarteen dollar gekoop en verkoop word is *OP*. ✓✓
- (i) Indien die prys *OP1* is, bied die VSA *OB1* dollar aan, maar slegs *OB* dollar word aangevra. ✓✓
- (j) As die aanbod die vraag oorskry, word die prys afgeforseer om kopers te vind en word dit uiteindelik op *OP* bepaal, waar vraag en aanbod in ewewig is. ✓✓
- (k) Die betalingsbalans is dan in ewewig. ✓✓



10.2.3 Ewigig verwring deur toename in vraag




Translation of labels: Prys van dollars in terme van rand ✓
 Hoeveelheid dollar ✓
 D ✓ = V ✓
 S ✓ = A ✓

[maks. 5]


- (a) V1V1 verteenwoordig die toename in die vraag na dollar. ✓✓
- (b) Op hierdie stadium word OB1 dollar benodig en die VSA bied slegs OB dollar aan. ✓✓
- (c) As gevolg van die groot vraag na dollar en die relatief klein aanbod, sal SA 'n hoër prys aanbied vir die dollar. ✓✓✓
- (d) Sodra die prys styg, sal die VSA meer dollars aanbied in reaksie op die vraag. ✓✓
- (e) Op hierdie wyse sal die prys van die dollar styg na OP1 waar die vraag bevredig sal word teen 'n hoeveelheid van OB2 dollar. ✓✓
- (f) Vraag en aanbod is weer eens in ewigig.. ✓✓

Die vraag na buitelandse valuta word deur die volgende faktore bepaal:

- (g) Invoer van goedere ✓✓
- (h) Dienste van die buiteland na die betrokke land. ✓✓
- (i) Betaling van rente en dividende op buitelandse kapitaal ✓✓
- (j) Betaling van paaieimente op terugbetalings van oorsese lenings ✓✓
- (k) Oordrag van kapitaal na die buiteland ✓✓
- (l) Toeriste of verteenwoordigers spandeer geld in die buiteland. ✓✓
- (m) Ander betalings van die buiteland wat van tyd tot tyd kan plaasvind ✓✓



10.2.4 Ewig verwing deur toename in aanbod



Translation of labels: Prys van dollars in terme van rand ✓
 Hoeveelheid dollar ✓
 D ✓ = V ✓
 S ✓ = A ✓


[maks. 5]

- (a) S1S1 verteenwoordig die toename in die aanbod van dollar. ✓✓
- (b) Op hierdie stadium word OB1 dollar aangebied, maar slegs OB dollar word benodig. ✓✓
- (c) As gevolg van die groot aanbod van dollar en die relatief klein vraag na die dollar sal A 'n laer prys vir die dollar aanbied. ✓✓
- (d) Sodra die prys daal, sal die VSA minder dollar aanbied in reaksie op die vraag. ✓✓
- (e) Op hierdie wyse sal die prys van die dollar daal na OP1 waar die aanbod bevredig sal word teen 'n hoeveelheid van OB2 dollar. ✓✓
- (f) Vraag en aanbod sal weer in ewewig wees.. ✓✓

Die aanbod van buitelandse valuta word deur die volgende faktore bepaal:

- (g) Uitvoer van goedere ✓✓
- (h) Verskaffing van dienste aan die buiteland ✓✓
- (i) Ontvang van rente en dividende op kapitaal in die buiteland belê ✓
- (j) Invloei van buitelandse kapitaal vir sekuriteitsredes en beleggings ✓✓
- (k) Besteding van geld deur buitelandse magte, toeriste of reisigers ✓✓
- (l) Nuwe lenings aangaan in die buiteland ✓✓
- (m) Ander ontvangste van buitelandse geldeenhede van tyd tot tyd ✓✓

[maks. 45]



10.3 Gevolgtrekking

Die wisselmark is dieselfde as 'n gewone mark waar goedere en dienste gekoop en verkoop word teen spesifieke pryse. In 'n wisselmark word verskillende nasionale geldeenhede gekoop en verkoop teen verskillende pryse (wisselkoerse). ✓✓
[aanvaar enige logiese/oorspronklike gevolgtrekking] (2) [50]

VRAAG 11


'In ontwikkelende lande pas regerings vyf makro-ekonomiese doelwitte toe. In Suid-Afrika is die hoofbegroting en die Middelltermynbestedingsraamwerk ('MTEF') die instrumente wat gebruik word om hierdie twee doelwitte te bereik.

Bespreek hierdie VYF makro-ekonomiese doelwitte en dui aan hoe die begrotingsprosesse gebruik word om hierdie doelwitte te bereik.

11.1 Inleiding

11.1.1 Die regering moet doelbewus stappe doen om makro-ekonomiese doelwitte te bereik. ✓✓

11.1.2 Hierdie stappe is gerig op die verbetering van die algemene lewenstandaard van die bevolking as 'n geheel en die funksionering van die ekonomie asook die implementering van metodes wat die ekonomie gunstig sal beïnvloed. ✓✓



11.2 Liggaam

11.2.1 Ekonomiese groei ✓✓

- (a) Ekonomiese groei verwys na die styging/toename in die produksie-kapasiteit van die ekonomie. ✓✓
- (b) Dit word gemeet in terme van groei in reële bruto binnelandse produk (BBP). ✓✓
- (c) Om ekonomiese groei te bevorder, moet die regering so min bronne (geld) as moontlik uit die ekonomie onttrek en soveel as moontlik in die ekonomie vrystel. ✓✓
- (d) Belastingverligting sal verbruik en produksie stimuleer. ✓✓
- (e) Privatisering van openbare ondernemings en openbare-private vennootskappe kan ook produksie stimuleer. ✓✓

11.2.2 Volledige werkverskaffing ✓✓

- (a) Volledige werkverskaffing beteken dat alle mense wat graag sou wou werk, wat geskik is om te werk en wat werk soek, in staat moet wees om werk te kry of werk moet vir hulle geskep word. ✓✓
- (b) 'n Honderdpersent-werkverskaffingsyfer is feitlik onmoontlik. ✓✓
- (c) Produksie word bepaal deur die vraag na produkte. ✓✓
- (d) 'n Afname in vraag sal lei tot 'n afname in produksie oor tyd en na afleggings (werkloosheid). ✓✓

- (e) Volledige werkverskaffing is slegs moontlik as produksie gestimuleer en verhoog word. ✓✓
- (f) *Maatreëls om produksie te stimuleer, word vereis*, bv. die regering kan arbeidsintensiewe ondernemings bevorder (openbare werkeprogramme, finansiële en ander inisiatiewe) ✓✓

11.2.3 Prysstabiliteit ✓✓

- (a) Dit is normaal vir pryse in 'n ekonomie om te verander. ✓✓
- (b) Pryse styg wanneer die vraag die aanbod van goedere oorskry. ✓✓
- (c) Op dieselfde manier *daal pryse wanneer mense se voorkeure verander en daar is 'n afname in vraag*, of wanneer goedere weer in groter hoeveelhede beskikbaar word. ✓✓
- (d) Dit is egter *abnormaal vir pryse om jaar na jaar te styg*. Wanneer dit gebeur sê ons dat inflasie bestaan. ✓✓
- (e) Inflasie is die voortdurende styging van pryse oor 'n lang tydperk. ✓✓
- (f) In die geval van vraagkantinflasie kan die regering totale vraag beperk maar dit sal 'n negatiewe invloed op produksie (en werkverskaffing) hê. ✓✓
- (g) Kostedrukinflasie is net so moeilik om te beperk agv vakbond-aktiwiteite. ✓✓
- (h) Om prysstabiliteit te handhaaf/in stand te hou, moet inflasie tot die minimum beperk word (sommige ekonome glo tussen 3% en 4%). ✓✓
- (i) Die Suid-Afrikaanse Resewebank streef na 'n inflasiemikpuntkoers van 4% - 6% en manipuleer rentekoerse om hierdie mikpunt te behaal. ✓✓
- (j) Die regering kan belasting verhoog of verlaag om die inflasiemikpunt na te streef. ✓✓

11.2.4 Betalingsbalanse ewewig/Wisselkoerse ewewig ✓✓

- (a) Betalingsbalanse ewewig verwys na 'n posisie waar 'n gunstige verhouding tussen die onderskeie ekonomiese veranderlikes bestaan, d.i. invoere, uitvoere en kapitaalvloeï. ✓✓
- (b) In die geval van 'n wanbalans, *is aanpassings nodig om ewewig te herstel* deur die regering. ✓✓
- (c) bv. aanpassings van binnelandse pryse, wisselkoerse, invoere en uitvoere. ✓✓

11.2.5 Ekonomiese ewewig/ Ekonomiese regverdigheid/

Billike inkomsteverspreiding ✓✓

- (a) Die markmeganisme skep dikwels 'n ongelyke verdeling van inkomste.
- (b) Sommige mense word baie ryk terwyl ander arm is..
- (c) 'n Meer gelyke verspreiding van inkomste kan bereik word op die volgende wyses: Progressiewe belasting belas die hoër inkomstegroep teen 'n hoër koers en die laer groepe teen 'n laer koers. Ewig kan ook verkry word indien die regering hulp gee soos gratis gesondheidsorg aan armes.

[maks. 45]

